NUUS | SAOU | NEWS

NORTHERN CAPE | NOORD-KAAP

Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za

☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

18 Julie 2016

No: 16 van 2016

---

1. **WELKOM TERUG**
   Die wintervakansie was sekerlik vir elke lid 'n welkome ruskans en 'n verposing om van die normale gedruis van die skool, of kantoor weg te kom. Die kwartaal wat voorlê is maar eweneens besig en daar lê ook 'n belangrike eksamen en wag vir die graad 12's. En les bes, is die NKOD se eksamenrooster vir September reeds op hulle HRMS!

2. **SIFTING EN KORTLYSTING**
   Ek verwys na my vorige Splinternuus waarin ek oor hierdie uiters belangrike oefening gepraat het. In die jongste Vakaturelys is meer as 2000 poste geadverteer en dis vir ons Kantoorpersoneel eenvoudig nie moontlik om by al die skole se aktiwiteite ten opsigte van sifting en onderhoude uit te kom nie.

   'n Verdere belangrike punt om te onthou, is dat die SAOU en NAPTOSA in dieselfde kamp is en deel uitmaak van die CTU-ATU groepering. Derhalwe, volgens die regulasies wat ons rig, mag daar nie tydens die sifting en kortlystingprosesse 'n waarnemer van ELKEEN van die twee unies wees nie.

   Skoolhoofde moet egter steeds vir ons kantoor die kennisgewings deurgee van die bestuursplan van u skool. Hiervandaan sal mnr. Hansie Strydom met ons kollegas by NAPTOSA koördineer vir waarnemers.

3. **AFTREDE OP 65**
   Binne die bestek van twee maande het ons kantoor te make gekry met drie soortgelyke gevalle en is dit vir my nodig om u daarop te wys ten einde seker te maak die administratiewe prosesse verloop glad. Die gevalle waarna ek verwys het aldrie die ouderdom van 65 jaar bereik in die loop van die akademiese jaar.

   3.1 U moet in dieselfde maand waarin u 65 jaar oud word, aftree.
   3.2 Skoolhoofde kan by die HOD aansoek doen om daardie tydperk te verleng tot aan die einde van die jaar, of tot die einde van die kwartaal, om die beste belang van die leerders te dien. Sodanige aansoek moet 6 maande voor die tyd ingedien wees.

3.3 Indien sodanige aansoek na die HOD suksesvol is, sal u nie ná u oorspronklik-geskeduleerde aftreedatum ‘n bedankingsopsie kan uitoefen ten einde u volle pensioenuitbetaling te kan ontvang nie.

BV.: Gestel u word 65 in Augustus. U skoolhoof doen aansoek by die HOD om u dienstydperk te verleng tot 31 November en dit word goedgekeur.

U kan nie (bv.) in Oktober uit die onderwys bedank met ingang van 1 Desember nie. Daardie opsie bestaan bloot nie. In so ‘n geval kan u slegs die aftree-opsie kies.

4 BEMAGTIGING

Die SAOU se Professionele Ondersteunngsdienste bied bemagtigingsessies in ons provinsie aan vanaf 22 – 25 Augustus 2016 met die fokus op :

4.1 Die oorgang van graad 3 na graad 4
4.2 Skryfvaardigheid

Datums en plekke waar dit aangebied word

22 Augustus 2016:	Kimberley
23 Augustus 2016:	Kathu
24 Augustus 2016:	Upington
25 Augustus 2016:	Calvinia

Koste:	Lede:	R30 p/p
	Nie-lede:	R50 p/p

BAIE BELANGRIK: Ek sal voor die einde van hierdie week ‘n spesiale Nuusblad uitstuur met die sluitingsdatum, die skole waar dit aangebied gaan word en die skakel om aanlyn te registreer.

5 REGSAANGELEENTHEID

Ek verwys graag na die NKOD se Omsendbrief 26 / 2016 (alhoewel dit gemerk is as ***2017***) met die opskrif ***Management of learner admissions for 2017.*** FEDSAS het die NKOD hof toe gesleep oor die ongrondwetlike inhoud daarvan en ook omdat die NKOD deur middel van die Omsendbrief ‘’***beleid’’*** neerlê.

Die Hooggeregshof in Kimberley het in die guns van FEDSAS beslis en die gewraakte omsendbrief is ter syde gestel. Kortom: Skoolhoofde is nou veronderstel om die toelatingsbeleid van die SBL te volg ten einde leerders toe te laat vir 2017.

My voorstel is:

5.1 Maak dadelik kontak met u Kringbestuurder en verduidelik die aangeleentheid.
5.2 Volg die SBL se toelatingsbeleid – MAAR!!! maak asseblief seker dat u nie van daardie beleid afwyk ten einde ‘n kind buite daardie beleid toe te laat of weg te wys nie. Die rede is voordiehandliggend. Sou ‘n skoolhoof aangespreek word dat hy/sy nie die NKOD se se sg. beleid gevolg het nie, moet daar ook nie ‘n vinger na hom/haar gewys kan word dat hy/sy ook nie die SBL se toelatingsbeleid behoorlik gevolg het nie.

Die hofuitspsraak is op FEDSAS se webwerf beskikbaar en u kan dit daar gaan aflaai en aan die SBL gee. Die uitspraak kan ook dien as brondokument in u gesprek met u Kringbestuurder.

6 LEDETAL

Dis met groot genoë dat ek kan aankondig dat die SAOU (NK) se ledetal vir Junie 2016, die hoogste is sedert die statistiek hiervan gehou word in Januarie 2007. Ons staan nou op 1830 lede in die provinsie. Verdermeer is die ledetal van SAOU Nasionaal tans op 36 433. Ook in hierdie geval is die ledetal in Junie 2016 die meeste ooit sedert 2007.

Vir elke lojale lid van die SAOU wil ons dan langs hierdie weg baie dankie sê vir u ondersteuning en inset om die Unie te laat groei. Saam kan ons soveel meer bereik!

7 VERHOUDINGS

In die onderwysomgewing is verhoudinge baie belangrik – dis immers 'n absolute waarheid dat leer nie kan plaasvind as verhoudinge nie reg is nie. Hoe kan ons ons behoefte aan verhoudings vervul? Wat is die beste manier om te begin? Hoe kan ons 'n band met ander mense smee? ***John Maxwell*** maak dit nogal eenvoudig in ses beginsels:

7.1 *Die geheelbeginsel* – Die hele mensdom – met een klein uitsnderinkie – bestaan uit *ander* mense.
7.2 *Die omruilbeginsel* – In plaas daarvan om ander op hulle plek te sit, moet ons onsself in hulle plek stel.
7.3 *Die leerbeginsel* – Elke mens wat ons ontmoet, het die potensiaal om ons iets te leer.
7.4 *Die charismabeginsel* – Mense stel belang in mense wat in hulle belangstel.
7.5 *Die tien-uit-tienbeginsel* – As jy die beste van mense glo, bring dit die beste in hulle na vore
7.6 *Die konfrontasiebeginesel* – Omgee moet konfrontasie voorafgaan.

Vriendelike groete



Henk Brand
Provinsiale Sekretaris
SAOU
Tel: 053-8322 727
Fax: 053-8322 460
www.saou.co.za

Kliek hier om ons te evalueer | Click here to evaluate us